



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2012

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Korter teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning, byvoorbeeld ’n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK ’N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 60 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 30 minute

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor ’n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf ʼn opstel van 200–250 woorde oor EEN van die onderwerpe hieronder.

Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

### VRAAG 1


1.1 **DIE GEHEIM**

Ons het elkeen ʼn geheim. Dit is daardie iets wat jy in jou hart hou.
Soms vertel ʼn maat jou ʼn geheim en jy belowe om dit vir niemand te vertel nie. Maar daar was een geheim wat jy net moes oorvertel.

Skryf ʼn **opstel** en **vertel** van ʼn geheim wat jy nie meer vir jouself kon hou nie.

Dink aan die volgende:

- Wat was die geheim?
- Oor wie was die geheim?
- Hoekom kon jy nie meer die geheim hou nie?
- Aan wie het jy die geheim vertel?
- Wat was die gevolge nadat die geheim bekend geword het?



[Uit: *Clip Art*] **[40]**

1.2 **GELD! GELD! GELD!**

Jy het baie geld in ʼn kompetisie gewen.

Skryf ʼn **opstel** waarin jy **vertel** wat jy met die geld gedoen het.

Dink aan die volgende:

- Watter kompetisie was dit?
- Hoeveel geld het jy gewen?
- Wat het jy met die geld gedoen?
- Hoe het die geld jou lewe verander?





[Uit: *Clip Art*] **[40]**

1.3 **DIT IS WIE EK IS!**

Mense hou daarvan om mekaar te beskryf, maar dit is nie altyd akkuraat nie. Jy ken jouself beter as wat enige iemand anders jou ken.

Skryf 'n **opstel** waarin jy jouself **beskryf** en **vertel** watter tipe mens jy is.

Dink aan die volgende:




[Uit: *Google Images*] **[40]**

1.4 **JONGMENSE EN HULLE KLERE**

Alle jongmense hou daarvan om mooi klere aan te trek en goed te lyk. Baie wil net klere met spesifieke etikette soos bv. Puma aantrek.

Skryf 'n **opstel** waarin jy van die jongmense se klere **vertel**.

Dink aan die volgende:

- Watter soort klere dra jongmense?
- Van watter soort klere hou hulle nie?
- Waarom is dit vir jongmense so belangrik om soos hulle maats aan te trek?
- Watter soort klere wil jy graag aantrek?



[Uit: *Clip Art*] **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf ’n opstel daaroor.

Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel ’n TITEL.

Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Uit: *Clip Art*] **[40]**

1.5.2



[Uit: *Google Images*] **[40]**

1.5.3



[Uit: *Oxford Life Orientation*, *2006*] **[40]**

1.5.4



[Uit: *Art Explosion*] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

Skryf die vraagnommer en die tipe teks wat jy kies, bo-aan.

## VRAAG 2

### 2.1 DIALOOG

Jy het die November-eksamen in graad 12 gedruip en jou pa is ontevrede daaroor.

Jy moet verduidelik waarom jy gedruip het.

Jou pa wil weet wat jou planne vir die toekoms is.

Skryf die gesprek tussen jou en jou pa neer. Begin die gesprek só:

| ***MATRIEKUITSLAE 2011*** | | |
|---|---|---|
| ***Vak:*** | ***Vlak:*** | ***%*** |
| *Huistaal* | *2* | *38%* |
| *Engels EAT* | *1* | *27%* |
| *Afrikaans SAL* | *3* | *45%* |
| *Wiskunde* | *1* | *28%* |
| *LO* | *3* | *45%* |
| *Geskiedenis* | *2* | *35%* |

Pa: Ek is baie teleurgesteld omdat jy gedruip het. Wat het verkeerd geloop?

Ek: Ek is baie jammer dat ek Pa teleurgestel het. Ek het …

Pa: …

Ek: …

LET WEL: Laat ’n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

### 2.2 FORMELE BRIEF

Een van jou maats was in ’n ernstige ongeluk betrokke. Hy of sy sukkel nou by die skool in ’n rolstoel. Dis veral moeilik by die trappe, die toilette en die deure.

Skryf ’n formele brief aan die skoolhoof om te vra dat hierdie dinge in en om die skool verander moet word.



[Uit: *Art Explosion*]

Dink aan die volgende:

- Waarom vra jy vir hierdie veranderings in en om die skool?
- Watter tipe veranderings is nodig?
- Hoe sal hierdie veranderings persone in rolstoele help?
- Hoekom is hulp aan persone in rolstoele belangrik? **[20]**

## 2.3 VERSLAG

Twee motors het gebots. Jy was by toe die ongeluk plaasgevind het.

Skryf nou 'n verslag vir die polisie en vertel wat presies gebeur het.

LET WEL: Begin die verslag met jou naam, van en adres. Jou handtekening en die datum kom onderaan die verslag.



[Uit: *Clip Art*]

Dink aan die volgende in jou verslag:

- Wanneer het die ongeluk plaasgevind?
- Waar het die ongeluk plaasgevind?
- Hoe het die ongeluk plaasgevind?
- Is daar mense beseer? **[20]**

## 2.4 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jou maat is goed in sport en is vir die nasionale span gekies. Jy is baie trots op jou maat en saam met jou maat bly oor die prestasie**.**

Skryf 'n brief waarin jy hom/haar gelukwens omdat hy/sy in die Suid-Afrikaanse span is.

Dink aan die volgende:

- Wens jou maat geluk met die wonderlike prestasie/nuus.
- Vra waar die nasionale span gaan deelneem.
- Wens jou maat sterkte toe.




[Uit: *Clip Art*] **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TEKSTE

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

Skryf die vraagnommer en die tipe skryfstuk wat jy kies, bo-aan.

## VRAAG 3

### 3.1 RIGTINGAANWYSINGS


By die taxistaanplek in Kraaiweg vra ŉ man jou om vir hom die pad na die hospitaal toe te verduidelik.

Verduidelik aan die man, volgens die pyltjies op die kaart, hoe om tot by die hospitaal te loop.

Gebruik ook die twee bakens *(kerk, winkelsentrum)* in jou aanwysings.

Skryf die rigtingaanwysings in jou eie TIEN volsinne en puntsgewys neer.

Voorbeeld:
1. Stap oor Kraaiweg tot in …
2. …
3. …




**[20]**

## 3.2 STROOIBILJET

Baie jongmense gebruik dwelms soos dagga en tik.

Die jeug by julle kerk het besluit om 'n strooibiljet te maak waarin julle jongmense teen die gevare van dwelms waarsku.

Dink aan die volgende:

- Van watter plekke moet jongmense wegbly?
- Vir watter mense moet jongmense oppas?
- Wat doen dwelms aan gesinne?
- Waar kan verslaafdes hulp kry?




[Uit: *Clip Art*]

LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

## 3.3 POSKAART


Julle skool het op 'n uitstappie na Robbeneiland gegaan om na Nelson Mandela se tronksel te gaan kyk.
Jy het daar 'n poskaart gekoop met 'n mooi foto van Nelson Mandela daarop.



Skryf 'n boodskap aan jou ouers op die poskaart.
Vertel wat jy gesien het en hoe jy gevoel het.

Teken die poskaart in jou ANTWOORDEBOEK oor.

LET WEL: Onthou om jou ouers se adres op die poskaart te skryf.




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**